

1 April

Versoeking en barmhartigheid

Skrifgedeelte: Deuteronomium 4:23-35 OAV

Fokusgedeelte: Vers 30-35

Moses vermaan die volk om nie die gebooie van die Here te oortree nie. In die volgende hoofstuk herhaal hy die Tien Gebooie. In hierdie verse dui hy dan op die feit dat ongehoorsaamheid tot straf sal lei: Die Here sal hulle verstrooi onder die nasies – iets wat later ook gebeur tydens die ballingskappe van Israel en Juda. Wanneer so 'n nood egter God se volk tref, mag hulle onthou dat God barmhartig is (vs 31): “Hy sal jou nie verlaat en in die verderf stort nie.” As die Bese met versoekings kom, is dit immers nie buite die beheer van die Almagtige nie. Moses herinner hulle dan aan die kragvertonings van God tydens die vuur op die berg Sinai en sy groot daade tydens die plaë in Egipte. Ook daardie “versoekings” (vs 34) was nooit buite die mag van God nie. Dit was juis die uitgestrekte arm en magtige daade van die Here waardeur Hy sy volk uit hulle nood bevry het. Israel het dit gesien en so geleer dat die HERE God is en dat daar geen ander God bestaan nie (vs 35).

Die versoekings waardeur ons deesdae in die nood gebring word, is dus nie 'n teken dat die Here beheer oor jou situasie verloor het nie. Versoekings word deur God gebruik om sy kinders te beproef en uit te suiwer tussen die heidene uit. Deur sy oneindige barmhartigheid laat Hy nie toe dat die versoekinge ons oorval nie, maar hou hy sy volk stewig in sy hand. So word versoekings die vuurproef waardeur ons as God se volk uitgesuiwer word, soos goud wat deur vuur gelouter word (1 Pet 1).

Sing: Psalm 74:15

Ds. Maarten van Helden (Centurion)